

Bella se geheim

Bella is nege jaar oud. Sy het 'n dagboek en skryf byna elke dag daarin. Lees Bella se dagboek en beantwoord die vrae

Dag: Saterdag

Datum: 26 Junie



Liewe Dagboek

Vandag is die eerste dag van die vakansie. Fantasties! Iets aakligs het vandag gebeur, maar gelukkig het alles goed geëindig. Jani en ek het die dae, ure en minute getel totdat ons vir die eerste keer kon gaan ysskaats. Ons was die HELE dag by die ysskaatsbaan. Leah en haar maats was ook daar en ons het lekker saamgeskaats. En toe ... net toe alles goed gaan, gly my voet en daar skaats ek op my SITVLAK voor almal. Ek het so simpel gevoel. Die baanbeampte het my opgehelp. Hy was baie gaaf, maar ek was bloedrooi van skaamte!

Dag: Maandag

Datum: 28 Junie



Liewe Dagboek

Gister was baie vervelig en ek het niks gehad om oor te skryf nie, maar vandag was wonderlik. Ek en Jani het gaan fliek. Al ons skoolmaats was daar, maar die fliek was SO erg dat ons moes uitloop. Kan jy dit glo? Ons was so bang ons het net UITGELOOP! Ons het toe maar gaan roomys eet by die deli langsaan. En toe kry ek die kans om my GROOT GEHEIM met Jani te deel. Al wat sy toe sê is: "Sulke goed gebeur maar". Ek kon dit nie glo nie. Hoekom was sy nie geskok nie? Ek het ook gedink haar pa sal woedend wees wanneer hy ons kom oplaai. Ek was so bang! Maar hy was glad nie kwaad nie. Hy het net gesê: "Sulke goed gebeur" en vir die roomys betaal. Ek wens my pa was so gaaf!

Dag: Dinsdag

Datum: 29 Junie



Liewe Dagboek

Ek en Jani het mekaar vandag by die winkelsentrum gekry. Ons het vooraf beplan wat ons gaan aantrek. (Ons moet dit doen want party van ons kleres is presies dieselfde.) Ek het my nuwe pienk rompie aangehad en Jani het haar nuwe geel hemp gedra en ons het albei so "cool" gelyk! ALMAL was daar. Ons het vir Tamara-hulle raakgeloop. Ek wou haar my geheim vertel, maar daar was nie tyd nie. Ek is seker sy sou nie net gesê het "Sulke goed gebeur" en nooit weer daarna verwys het nie. Jani het nie eens vandag my geheim genoem nie. Ek kan dit nie verstaan nie! Maar dit was 'n lekker dag in die winkels.

Dag: Woensdag

Datum: 30 Junie



Liewe Dagboek

Die wonderlikste ding het gebeur! Ek was mos baie ongelukkig omdat Jani niks oor my geheim gesê het nie en daar kom sy toe met 'n paar goed uit wat my so skuldig laat voel het. My ma het my UITEINDELIK halfelf by haar huis afgelaai. (Sy het gesê as ek haar help om die tweeling aan te trek, sal sy my by Jani gaan aflaai.) Toe ek daar kom, sê Jani sy wil met my oor my geheim praat. Ek het my asem opgehou en gedink sy gaan vir my jammer voel, of sê dat 'n nuwe bababoetie in die familie 'n groot pyn gaan wees, maar sy het nie. Sy het gesê sy kon nie met my daaroor praat nie omdat sy jaloers was. Sy het gesê ek is so gelukkig om so 'n groot, gelukkige en besige gesin te hê en nou kry ek nog boonop 'n nuwe boetie by. Gmmf! Maar toe dink ek daaroor. Sy het nie boeties of sussies nie en die tweeling laat my tog nou en dan lag. Toe besluit ek om vir almal my geheim te vertel en trots te wees daarop. Jani is die beste maat ooit. O, en Ma sê sy kan die hele naweek, van Vrydag af, by ons kom bly. Gelukkige ekke!

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wat was Bella se geheim?
2. Hoekom het sy gedink haar beste maat gaan haar jammer kry?
3. Hoe het haar maat gevoel?
4. Wat het Maandag skeefgeloop?
5. Hoe oud dink jy is die tweeling? Gee 'n rede vir jou antwoord.
6. Het jy geniet om hierdie dagboek te lees? Hoekom sê jy so?
7. Hoe sal jy daaroor voel as iemand jou dagboek lees?

MEMO

1. Wat was Bella se geheim?
Haar geheim was dat sy nog 'n boetie gaan kry.
2. Hoekom het sy gedink haar beste maat gaan haar jammer kry?
Sy het gedink dat nog 'n bababoetie 'n pyn gaan wees.
3. Hoe het haar maat gevoel?
Haar maat was eintlik jaloers.
4. Wat het Maandag skeefgeloop?
Jani het nie gereageer soos Bella verwag het nie.
5. Hoe oud dink jy is die tweeling? Gee 'n rede vir jou antwoord.
Hulle is nog baie klein, want hulle kan nie hulself aantrek nie.
6. Het jy geniet om hierdie dagboek te lees? Hoekom sê jy so?
Eie antwoord
7. Hoe sal jy daaroor voel as iemand jou dagboek lees?
Eie antwoord.